**Vrede vir julle!**

**Joh 20:19-23**

**26 April 2026**

1. Vantevore: Die Here Jesus het waarlik opgestaan. Johannes het die linnedoeke in die graf gesien en geglo. Hy het eerste aan Maria Magdalen verskyn – Hy, as die goeie Herder, het haar gesoek. Al was sy 'n vrou, het Hy eerste aan haar verskyn. Sy verskyning aan haar het sterk herinner aan die gebeure in die tuin met die sondeval. Maria was die eerste om die boodskap van Sy opstanding te gaan vertel aan Sy broers.
2. "Vrede vir julle!" (Joh 20:19,21)
    a. Laat die aand van Opstanding Sondag, dissipels agter geslote deure – dan verskyn die Here Jesus aan hulle – "Vrede vir julle!"(v19)
    b. Hy wys Sy hande en sy – Hy is werklik die Een wat Vrydag gekruisig is (v20)
    c. Tweede keer: "Vrede vir julle!" (v21)
        i. Meer as net "Shalom"-groet
        ii. Lering van Do aand is vervul – Hy het vrede bewerk (vgl Joh 14:27)
        iii. OT profesieë is vervul – Hy is beloofde Vredevors (vgl Jes 9:5-6, 57:16)
        iv. Vrede van God is bo begrip, waak oor ons gedagtes en hart (Fil 4:7)
3. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh 20:21)
    a. Dissipels het verantwoordelikheid – boodskap van vrede moet verkondig word
    b. Die Vader het die Here Jesus gestuur sodat die wêreld deur Hom verlos kan word – die Here Jesus was gehoorsaam aan Sy opdrag (Joh 5:19,30, 3:17, 1:29)
    c. Netso stuur die Here Jesus die dissipels na die wêreld met die boodskap van vrede en geregtigheid – hulle moet gehoorsaam wees soos die Here Jesus (vgl Mat 28:19-20)
    d. Hoekom is ons soms traag? Dalk oor die vrede nie oor ons harte en gedagtes waak nie?
4. "Ontvang die Heilige Gees" (Joh 20:22)
    a. Do-aand het die Here Jesus die Heilige Gees beloof – wanneer Hy weggaan (Joh 14:16-17, 16:7). Heilige Gees het drie rolle (Joh 16:8-14):
        i. Wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel
        ii. Dissipels in volle waarheid inlei
        iii. Die Here Jesus verheerlik
    b. Dus: die Heilige Gees sal saam met die dissipels in die wêreld getuig
    c. Heilige Gees is nie daardie Sondagaand uitgegiet nie, eers 50 dae later:
        i. "Blaas op hulle" is eintlik net "blaas"
        ii. Latere gebeure in Johannes verskil dramaties van Hand 2 gebeure
        iii. Die Here Jesus se verheerliking was nog nie voltooi nie
5. "As julle mense se sondes vergewe, is dit hulle vergewe; as julle dit van hulle weerhou, bly dit van hulle weerhou" (Joh 20:23)
    a. Twee reaksies op getuienis: Geloof of ongeloof, sondevergifnis of nie
    b. Dissipels vergeef nie sondes nie – net die Here God doen. Die dissipels getuig net as hulle glo, kan hulle seker wees van sondevergifnis – taak is gewigtig, en ook heerlik
    c. Nie selfde fokus as Mat 18:18 nie: Joh 20 – evangelisasie; Mat 18 – dissipline/tug
6. Afsluiting
    a. Ons het vrede met God – dit moet ons harte en gedagtes bewaak
    b. Ons het verantwoordelikheid – verkondig vrede aan die wêreld o.l.v. Heilige Gees